

DIE BEREKENING VAN DIE EENHEIDSKOSTE VIR LEERLINGE  
AAN HOËR HANDELSKOLE MET SPESIALE VERWYSING NA  
WES-TRANSVAAL

DIE BEREKENING VAN DIE EENHEIDSKOSTE VIR LEERLINGE  
AAN HOËR HANDELSKOLE MET SPESIALE VERWYSING NA  
WES-TRANSVAAL

deur ADRIAAN STEPHANUS DE BEER (HONNS. B.COMM.)

Skripsie aangebied ter gedeeltelike voldoening aan  
die vereistes vir die graad Magister Commercii  
(Bedryfsrekeningkunde) in die

FAKULTEIT VIR EKONOMIESE WETENSKAPPE  
AAN DIE  
POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT  
VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS

Onder leiding van

PROFESSOR DR. A.J.E. SORGDRAGER

POTCHEFSTROOM

Januarie 1973

## VOORWOORD EN DANKBETUIGINGS

Die Woord van die Here word gevrees en nagestreef.

Die beginsel van die wysheid is:

Verwerf wysheid en verwerf insig deur  
al wat jy besit.

Hou dit hoog, dan sal dit jou verhoog;

Spreuke 4 : 7-8

My opregte dank aan my vrou vir haar ondersteuning en bemoediging gedurende my na-graadse studies. As blyk van waardering dra ek hierdie skripsie aan haar op.

My opregte dank ook aan my moeder en skoonouers vir hulle belangstelling en aanmoediging.

Besondere dank gaan aan prof. dr. A.J.E. Sorgdrager vir die opoffering en wenke wat hy tydens die voltooiing van my skripsie aan my gegee het. Sy kennis blyk 'n onuitputlike bron te wees.

Ek wil my dank betuig aan mnr. Hough, Jonker en Mej. Strydom vir die taalkundige versorging van die werk.

Mej. van der Westhuizen verdien spesiale vermelding vir die bekwame wyse waarop sy die tik-

werk behartig het.

Ten slotte my dank aan al die persone wat behulp-  
saam was met die verkryging van data vir die  
skripsie.

A.S. de Beer

POTCHEFSTROOM

Januarie 1973

# INHOUDSOPGAWE

## INLEIDING

### HOOFSTUK 1

|                                          |   |
|------------------------------------------|---|
| BEGRIPSAFBAKENING VAN TERMINOLOGIE ..... | 1 |
|------------------------------------------|---|

### HOOFSTUK 2

|                             |    |
|-----------------------------|----|
| METODE VAN BEREKENING ..... | 13 |
|-----------------------------|----|

### HOOFSTUK 3

|                                                                                                                       |    |
|-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|----|
| TOEDELING VAN UITGAWES MET BEGROTING VAN UITGAWES<br>VIR DIE FINANSIËLE JAAR GEËINDIG 31 MAART 1973 AS<br>BASIS ..... | 20 |
|-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|----|

### HOOFSTUK 4

|                                      |    |
|--------------------------------------|----|
| BEPALING VAN DIE EENHEIDSKOSTE ..... | 25 |
| SAMEVATTING .....                    | 29 |

## BYLAE

|                 |    |
|-----------------|----|
| TABELLE .....   | 31 |
| BRONNELYS ..... | 74 |

## INLEIDING

1. DIE BEGRIP EN OMSKRYWING VAN DIE TERM "HANDELSKOOL".
2. DIE PROBLEEMSTELLING EN BEPERKINGS.
  - a. Wat ondersoek word.
  - b. Berekening van die deler.
  - c. Berekening van die deeltal.
  - d. Invloed van uitbreidings.
  - e. Praktiese studie.
3. HOOFSTUK INDELING - 'N ALGEMENE OORSIG.
  - a. Begripsafbakening.
  - b. Metode van berekening.
  - c. Toedeling van uitgawes.
  - d. Bepaling van eenheidskoste.
4. METODE VAN AANHALING.

## INLEIDING

### 1. DIE BEGRIP EN OMSKRYWING VAN DIE TERM "HANDELSKOOL"

Onder beroepskole resorteer sekondêre skole wat die volgende studierigtings aanbied:

tegnies, handels, landbou, huishoudkundig, musiek, kuns, ballet.

Handelskole resorteer dus onder hierdie groep en kan omskryf word as 'n sekondêre skool met 'n handelstudierigting.

### 2. DIE PROBLEEMSTELLING EN BEPERKINGS

#### a. Wat ondersoek word

In hierdie skripsie word gepoog om 'n bedrag vas te stel wat die koste per leerling per jaar aan Hoër Handelskole is, met spesiale verwysing na Wes-Transvaal, volgens die begroting vir Transvaal vir die finansiële jaar 1 April 1972 tot 31 Maart 1973.

#### b. Die berekening van die deler

Die probleem is tweeledig van aard nl. die berekening van die deler en die berekening van die deeltal. Die deler word gereken volgens



die aantal leerlinge in Transvaal aan die einde van die derde kwartaal 1972.

c. Die berekening van die deeltal

Die deeltal word gereken op 'n pro rata-verdeling van die begrote uitgawes vir die finansiële jaar wat op 31 Maart 1973 eindig. Die deelname van Handelskole in elke uitgawe-item word ontleed, daarna kan die koste per leerling bereken word.

d. Invloed van uitbreidings

Vanaf Januarie 1973 is die Hoër Handel-skool op Klerksdorp 'n gekombineerde handels- en tegniese skool en het die leerlingtal gestyg van 380 tot 645.

Die geweldige uitbreiding sou 'n wesenlike invloed uitgeoefen het op die eenheidskoste. Hierdie uitbreiding word egter buite rekening gelaat omdat daar in die begroting wat as basis dien, ook nie vir die uitbreidings voorsiening gemaak is nie. Die stelsel sou eers in Januarie 1974 in werking getree het.

Wanneer die werklike koste met die begrote koste vergelyk gaan word, moet bg. uitbreidings in gedagte gehou word. Dit sal beteken dat sowel die



deler as die deeltal gaan verander en gevolglik ook die koste per leerling.

Dit geld vir alle skole waar sulke uitbreidings plaasgevind het.

e. Praktiese studie

Hierdie skripsie is 'n praktiese studie en aangesien daar geen vakliteratuur beskikbaar is nie, word daar gebruik gemaak van inligting soos deur die Transvaalse Onderwysdepartement verskaf asook persoonlike navorsing deur myself.

3. HOOFSTUKINDELING - 'N ALGEMENE OORSIG

Hierdie studie is daar op ingestel om veral die koste-aspekte van Hoër Handelskole te ontleed en daarna tot 'n eenheidskoste te kom.

Vir dié doel word die skripsie as volg ingedeel:

(a) Begripsafbakening -- hier word die verskillende begrippe beskryf sowel as die uitgawes en verwante dinge wat die eenheidskoste gaan beïnvloed.

(b) Metode van berekening - die metode van berekening is gebaseer op 'n pro rata-verdeling van die uitgawes volgens persentasiedeelname in

elke spesifieke uitgawe-item.

(c) Toedeling van uitgawes - die uitgawes word toegedeel met die begroting as basis en word volgens tabelle in die bylae aangegee.

(d) Bepaling van die eenheidskoste - hier word die totale toegedeelde uitgawes gedeel deur die gemiddelde aantal leerlinge.

#### 4. METODE VAN VERWYSING

Die skripsie is gebaseer op die tabelle agter in die bylae. Daar sal, waar nodig, verwys word na 'n tabel as "Tab. 2" of "Tab. 3", soos wat die geval mag wees.

## HOOFSTUK 1

### BEGRIPSAFBAKENING VAN TERMINOLOGIE

1. Inleiding.
2. Definisie van eenheidskoste.
3. Uitgawes wat vir die berekening van die eenheidskoste in aanmerking geneem word.
4. Die tydperk waaroor die berekening strek.
5. Die getal leerlinge wat vir die vasstelling van die eenheidskoste gebruik word.
6. Opsomming.

## HOOFSTUK 1

### BEGRIPSAFBAKENING VAN TERMINOLOGIE

#### 1. INLEIDING

In hierdie hoofstuk word gekonsentreer op begripsafbakening en afbakening van uitgawes, tydperk en getal leerlinge wat gebruik gaan word vir die bepaling van die eenheidskoste.

Moontlike alternatiewe metodes word ook genoem en bespreek.

#### 2. DEFINISIE VAN EENHEIDSKOSTE

Onder die begrip eenheidskoste word verstaan die koste per leerling per jaar volgens Hoër Handelskole in Transvaal, met spesiale verwysing na die Hoër Handelskool, Klerksdorp.

#### 3. UITGAWES WAT VIR DIE BEREKENING VAN DIE EENHEIDSKOSTE IN AANMERKING GENEEM WORD

(a) Vir die berekening van die eenheidskoste word alle uitgawes, volgens die begroting van Transvaal vir die finansiële jaar wat op 31 Maart 1973 eindig, in aanmerking geneem.

Meer spesifiek beteken dit 'n ontleding van:

- (i) Begrotingspos 2 - Onderwys - Administrasie.
- (ii) Begrotingspos 3 - Onderwys van blanke kinders.

'n Pro rata-verdeling van die uitgawes word gemaak met inagneming van deelname of nie, van elke begrote uitgawe.

(b) In hierdie skripsie is gebruik gemaak van die begrotingsyfer vir die finansiële jaar wat op 31 Maart 1973 eindig. Die eenheidskoste waartoe in hierdie skripsie geraak is, kan gevolglik beskou word as 'n eenheidsyfer waarvoor begroot is.

Die werklike eenheidsyfer sal eers bereken kan word nadat die werklike uitgawes vir die finansiële jaar bekend is. Die metode van berekening sal egter dieselfde bly.

(c) In hierdie skripsie is die werklike uitgawes waarvoor vir die betrokke jaar vir meubels en uitrusting en voertuie begroot is, bygereken.

Aangesien hierdie items se lewensduur nie slegs een jaar is nie, behoort 'n jaarlikse bedrag, gebaseer op die vervangingswaarde van die artikel



(Sien Van der Schroeff. Op. cit. p. 10), gedeel-  
deur die lewensduur van die item, in berekening  
gebring te word bv.,

#### Liggaamlike Opvoeding:

'n Balanseerbalk se vervangingswaarde is R68 en sy  
geskatte leeftyd is 10 jaar. Die koste wat per  
jaar toegedeel behoort te word, is R6,80.

'n Meer realistiese syfer sal op die manier ver-  
kry word. Dit hou 'n fisiese voorraadopname in  
by elke skool en die bepaling van die vervangings-  
waarde van die item.

Om die belangrikheid van bostaande te beklemtoon  
is 'n praktiese ondersoek na die toerusting vir  
Liggaamlike Opvoeding by die Hoër Handelskool,  
Klerksdorp gedoen. (Sien Tab. 9). Volgens die  
begroting (Sien Tab. 5) is die bedrag wat vir  
Liggaamlike Opvoeding begroot is R39,73 aan die  
Hoër Handelskool te Klerksdorp. Volgens die prak-  
tiese opname behoort die bedrag  $\pm$  R412,76 te wees.  
In eenheidskoste uitgedruk beteken dit 'n ver-  
meerdering van  $\pm$  R1,00 per leerling.

Hierdie metode is egter slegs moontlik indien alle  
vervangingswaardes en leeftye van die items bekend  
is. Die syfers moet dus aan alle skole in Trans-  
vaal gestuur word en die nodige opnames moet ge-  
maak word voordat die metode gebruik kan word.



Die geweldige hoeveelheid werk verbonde aan die metode veroorsaak dat dit nie toegepas is nie.

(d) 'n Aanpassing behoort ook gemaak te word vir moontlike rente en delging wat by die spesifieke skool van toepassing is.

#### 4. DIE TYDPERK WAAROOR DIE BEREKENING STREK

Omdat die rekenings aan die einde van die finansiële jaar (31 Maart) afgesluit word, is die berekening ook vir die finansiële jaar wat op 31 Maart 1973 eindig, gemaak.

Indien die berekening oor 'n kalenderjaar gedoen word, kan die metode ewe-eens gebruik word. Dit sal egter beteken dat rekenings aan die einde van Desember vir hierdie berekenings afgesluit moet word, en dan weer op 31 Maart vir die afsluiting aan die einde van die finansiële jaar.

#### 5. DIE GETAL LEERLINGE WAT VIR DIE VASSTELLING VAN DIE EENHEIDSKOSTE GEBRUIK WORD

Die getal leerlinge wat geneem word vir die vasstelling van die eenheidskoste, is die getal aan die einde van die derde kwartaal 1972. Hierdie kwartaal is taamlik verteenwoordigend en toename en afname in die getal leerlinge behoort nie 'n

wesenlike invloed op die eenheidskoste te hê nie. Die getal verteenwoordig ook 'n baie goeie gemiddeld vir die berekening van die eenheidskoste.

Die getal onderwysstudente in Transvaal word vir sommige berekenings bygetel aangesien hulle ook deel het in sommige uitgawes. Hier word ook die getal aan die einde van die derde kwartaal 1972 geneem.

Om die moontlike foutiewe resultate wat kan ontstaan wanneer die getal leerlinge volgens die getal aan die einde van 'n bepaalde kwartaal of volgens die gemiddelde getal leerlinge vir die jaar as noemer gebruik word, uit te skakel, kan van die som van vier produkte gebruik gemaak word, nl. die produk van die getal leerlinge en die getal skooldae van elk van die vier kwartale.

Hierdie metode skakel die uitwerking op die eenheidsyfer van groot toenames of afnames in die getal leerlinge uit en dit maak ook voorsiening vir die verskille in tydsduur van die kwartale.

Bg. metode is meer akkuraat, maar die geringe afwyking wat sal voorkom is nie die moeite werd vir die bykomstige werk verbonde aan die metode nie.

## 6. OPSOMMING

Die eenheidskoste word bereken volgens die begroting van Onderwys vir die Provinsie Transvaal vir die finansiële jaar wat op 31 Maart 1973 eindig. Die eenheidskoste waartoe geraak is, is 'n eenheidsyfer waarvoor begroot is. Die getal leerlinge wat vir die vasstelling van die eenheidskoste gebruik word, is die getal aan die einde van die derde kwartaal 1972. Na die verkryging van bostaande inligting kan die metode van berekening, soos in hoofstuk 2 bespreek, geformuleer word.

## HOOFSTUK 2

### METODE VAN BEREKENING

#### INLEIDING

1. Toedeling van uitgawes.
  - a. Totale Handelskoolleerlinge/Totale leerlingtal plus onderwysstudente in Transvaal.
  - b. Totale Handelskoolleerlinge/Totale leerlingtal.
  - c. Totale Handelskoolleerlinge/Totale Beroepskoolleerlinge.
  - d. Totale Hoër Handelskoolleerlinge, Klerksdorp/Totale Handelskoolleerlinge, Transvaal.
2. Formule vir die berekening van die eenheidskoste.
3. Opsomming.

## HOOFSTUK 2

### METODE VAN BEREKENING

#### INLEIDING

In hierdie hoofstuk word op die metode van berekening en die metode van toedeling van die uitgawes gekonsentreer. Die toedeling van uitgawes word gedoen volgens die persentasie Hoër Handelskoolleerlinge in verhouding tot die totale persentasie leerlinge in Transvaal -, in sommige gevalle word onderwysstudente ingesluit of tot leerlinge aan Beroepskole.

'n Pro rata-verdeling van die uitgawes word dus gedoen. Hiervolgens dra elke leerling en onderwysstudent 'n gedeelte van 'n uitgawe-item, waar toepaslik.

Die verdeling vind plaas soos in Tab. 5 en Tab. 6 in die bylae. Elke besondere uitgawe-item word met 'n simbool aangedui wat die basis vir toedeling verteenwoordig, soos later in die hoofstuk uiteengesit.

#### 1. TOEDELING VAN UITGAWES

Sommige uitgawes het nie betrekking op Hoër



Handelskoolleerlinge nie en sulke uitgawes sal gevolglik nie toegedeel word nie.

Die uitgawes sal op een van die volgende persentasies toegedeel word en sal by verdeling met die ooreenstemmende simbool aangedui word.

(a) Totale Handelskoolleerlinge/Totale leerlingtal plus onderwysstudente in Transvaal.

Aan die einde van die derde kwartaal 1972 was daar negentien Hoër Handelskole in Transvaal met 'n totale leerlingtal van 5 557. (Sien Tab. 1).

Op dieselfde tydstip was daar 900 skole en 4 onderwyskolleges met 438 017 leerlinge en 7 320 studente onderskeidelik. Dit bring die totale aantal op 438 137 te staan. (Sien Tab. 3).

Sommige uitgawes word verdeel tussen die totale aantal studente en leerlinge. Hoër Handelskole dra dus 'n pro rata-gedeelte van hierdie uitgawes.

Volgens persentasie is dit  $\frac{5\,557}{438\,127} \times \frac{100}{1}$   
= 1,268 persent van die uitgawes waarvan elkeen 'n deel moet dra.

By verdeling sal 1,268 persent toedeling van 'n uitgawe aangedui word met die simbool (a).



(b) Totale Handelskoolleerlinge/Totale leerlingtal.

Soos reeds genoem, was die totale Handelskoolleerlinge 5 557 aan die einde van die derde kwartaal 1972. Die totale aantal leerlinge in Transvaal vir die ooreenstemmende tydperk was 438 017. (Sien Tab. 1).

In die begroting is daar sommige uitgawes waar onderwyskolleges uitgesluit word en moet daar dus 'n pro rata-gedeelte van die totale leerlingtal geneem word vir die verdeling van sommige uitgawes. Vir sulke uitgawes sal aan Hoër Handelsskole die volgende persentasie toegedeel word:

$$\frac{5\,557}{438\,017} \times 100$$
$$= 1,29 \text{ persent.}$$

By verdeling sal 1,29 persent toedeling van 'n uitgawe aangedui word met die simbool (b).

(c) Totale Handelskoolleerlinge/Totale Beroepskoolleerlinge.

Sommige uitgawes het slegs betrekking op beroepskole waarvan Hoër Handelsskole deel vorm. In die begroting resorteer Hoër Landbouskole nie onder beroepskole nie.

Die totale Handelskoolleerlinge is reeds genoem (5 557).

Aan die einde van die derde kwartaal 1972 was daar 18 928 leerlinge in beroepskole. (Sien Tab. 4).

In persentasie uitgedruk, beteken dit dat Hoër

$$\text{Handelskole } \frac{5\,557}{18\,928} \times \frac{100}{1}$$

= 29,359 persent van hierdie uitgawes moet dra.

By verdeling sal 29,359 persent toedeling van uitgawes aangedui word met die simbool (c).

(d) Totale Hoër Handelskoolleerlinge, Klerksdorp/Totale Handelskoolleerlinge, Transvaal.

Nadat kolom 2 van tabel 5 voltooi is, dit is die uitgawes wat toegedeel is aan Hoër Handelskole, word hierdie uitgawes verder toegedeel aan die Hoër Handelskool op Klerksdorp.

Die Hoër Handelskool, Klerksdorp se totale leerlingtal aan die einde van die derde kwartaal 1972 was 380. (Sien Tab. 2). Die totale Handelskoolleerlinge was 5 557. Die Hoër Handelskool, Klerksdorp moet dus 'n persentasie van  $\frac{380}{5\,557} \times \frac{100}{1}$   
= 6,838 persent van

die uitgawes verbonde aan Handelskole dra.

By verdeling sal 6,838 persent toedeling van die uitgawes verbonde aan Handelskole, in kolom 3 van Tab. 5 en Tab. 6 aangedui word.

## 2. FORMULE VIR DIE BEREKENING VAN DIE EENHEIDSKOSTE

Nadat die pro rata-verdeling gedoen is, word die eenheidskoste soos volg bereken:

$$\text{Eenheidskoste} = \frac{\text{Totale uitgawes}}{\text{Die gemiddelde aantal leerlinge.}}$$

Daar behoort geen verskil te wees tussen die eenheidskoste van alle Handelskole en dié van die Handelskool op Klerksdorp nie. Die verdere toedeling na een skool is slegs gedoen vir moontlike belangstelling in een spesifieke uitgawe-item van dié besondere skool.

## 3. OPSOMMING

Uit hierdie bespreking blyk dit dat die begrote uitgawes op een van die volgende drie persentasies aan Handelskole toegedeel is: 1,268; 1,29 en 29,359. Die Hoër Handelskool, Klerksdorp

se leerlingtal het 6,838 persent van die totale aantal Handelskoolleerlinge in Transvaal uitmaak, aan die einde van die derde kwartaal 1972. In hoofstuk 3 word hierdie persentasies toegepas om die begrote uitgawes vir Handelskole te bepaal vir die finansiële jaar wat op 31 Maart 1973 eindig. Tabel 5 en 6 is gebaseer op bg. persentasies.

## HOOFSTUK 3

### TOEDELING VAN UITGAWES MET BEGROTING VAN UITGAWES VIR DIE FINANSIËLE JAAR GEËINDIG 31 MAART 1873 AS BASIS

#### INLEIDING

1. Begrotingspos 2 en 3.
2. Toedeling aan Hoër Handelskole.
3. Toedeling aan die Hoër Handelskool,  
Klerksdorp.
4. Opsomming.

### HOOFSTUK 3

#### TOEDELING VAN UITGAWES MET BEGROTING VAN UITGAWES VIR DIE FINANSIËLE JAAR GEËINDIG 31 MAART 1973 AS BASIS

##### INLEIDING

In hierdie hoofstuk sal gepoog word om 'n ontleding van die uitgawes ten opsigte van onderwys van blanke leerlinge sowel as van onderwysadministrasie in Transvaal te gee. Die uitgawes wat betrekking het op Handelskole sal ontleed word en daarna sal 'n toedeling gemaak word aan die Hoër Handelskool, Klerksdorp.

Hierdie verdeling van uitgawes geskied volgens die persentasies soos in hoofstuk 2 genoem. Die kortste manier van ontleding is volgens tabelle. (Sien Tab. 5 en Tab. 6).

Die Onderwysbegroting word as uitgangspunt geneem en pro rata-verdelings word gemaak na gelang van deelname van Handelskole daarin.

Die bedrae wat so verkry word is slegs bedrae waarvoor begroot is. Die begrote uitgawes vir Handelskole en meer spesifiek vir die Handelskool op Klerksdorp, sal dus in hierdie hoofstuk bereken



word.

### 1. BEGROTINGSPOS 2 EN 3

Die ontleding van uitgawes is gedoen deur eers die hele Onderwysbegroting te tabuleer. (Sien Tab. 5 en 6). Die totale begroting vir Onderwys in Transvaal (Blank) is R129 352 000, verteenwoordig deur begrotingspos 2 van R13 619 000 en begrotingspos 3 van R115 733 000. Hierdie bedrag word in fynere besonderhede ontleed in tabel 5 en 6.

Kapitale uitgawes word buite rekening gelaat en is dus nie in bostaande syfers ingesluit nie.

### 2. TOEDELING AAN HOËR HANDELSKOLE

Daar word van drie persentasies gebruik gebruik gemaak om die begroting toe te deel sodat die bedrag wat toegereken kan word aan Handelskole, bepaal kan word. Die persentasies wat gebruik word is: 1,268; 1,29 en 29,359 en word onderskeidelik aangetoon deur die simbole (a), (b) en (c). (Sien Tab. 5 en 6).

Hierdie persentasies is in hoofstuk 2 bereken.

Die keuse tussen hierdie drie persentasies berus

op een van die volgende moontlikhede: of die uitgawe betrekking het op die totale leerlingtal plus onderwysstudente in Transvaal; die totale leerlingtal in Transvaal of die totale leerlingtal van beroepskole in Transvaal.

Volgens hierdie toedeling is die totale uitgawes wat aan Handelskole toegereken kan word R2 154 629, verteenwoordig deur R672 881 uit begrotingspos 2 en R1 481 748 uit begrotingspos 3. (Sien Tab. 7).

### 3. TOEDELING AAN DIE HOËR HANDELSKOOL, KLERKSDORP

Die aantal leerlinge aan die Hoër Handelskool, Klerksdorp aan die einde van die derde kwartaal 1972, uitgedruk as 'n persentasie van die totale Handelskoolleerlinge op dieselfde tydstip is 6,838 persent. Hierdie persentasie word in Tabel 5 en 6 toegepas om die bedrae te bereken wat toegedeel moet word aan die Handelskool, Klerksdorp.

Die totale uitgawes wat aan die Handelskool, Klerksdorp toegedeel is, is R147 344,58, verteenwoordig deur R46 020,61 uit begrotingspos 2 en R101 323,97 uit begrotingspos 3. (Sien Tab. 7).

#### 4. OPSOMMING

Die toedeling van die begrote uitgawes, vir die finansiële jaar wat op 31 Maart 1973 eindig, aan Handelskole en meer spesifiek die Handelskool, Klerksdorp, is gedoen in tabel 5 en 6 in die bylae. Voortvloeiend hieruit kan die koste per leerling (eenheidskoste) bereken word. Hierdie berekening word in die volgende hoofstuk gedoen.

## HOOFSTUK 4

### BEPALING VAN DIE EENHEIDSKOSTE

#### INLEIDING

1. Eenheidskoste van Hoër Handelskole.
  - (a) Die berekening.
  - (b) Vergelyking met beskikbare syfers van vorige jare.
2. Eenheidskoste van die Hoër Handelskool, Klerksdorp.
  - (a) Die berekening.
  - (b) Die gebruike van die eenheidskoste.
3. Opsomming.

## HOOFSTUK 4

### BEPALING VAN DIE EENHEIDSKOSTE

#### INLEIDING

Die hoofstuk word gewy aan die bepaling van die eenheidskoste. Die eenheidsyfer waartoe geraak word, is 'n begrote syfer. Die werklike eenheidskoste sal eers bepaal kan word nadat die werklike uitgawes bekend is.

'n Kort vergelyking met vorige jare se eenheidsyfers word ook gedoen. Daar is nie aparte syfers vir Handelskole gedurende die afgelope drie jaar nie, vergelyking word dus getref met beroepskole se syfers.

Daar sal ook kortliks na die gebruike van die eenheidsyfer verwys word.

#### 1. EENHEIDSKOSTE VAN HOËR HANDELSKOLE

##### (a) Die berekening.

$$\begin{aligned}\text{Eenheidskoste} &= \frac{\text{Totale uitgawes. (Sien Tab. 7).}}{\text{Totale aantal leerlinge. (Sien Tab. 1).}} \\ &= \frac{2\,154\,629}{5\,557} \\ &= R387,74\end{aligned}$$

(b) Vergelyking met beskikbare syfers van vorige jare.

Tabel 8 in die bylae gee 'n weergawe van die koste per leerling (eenheidskoste) vir onderwysinrigtings verbonde aan die Transvaalse Onderwysdepartement by tussenpose vanaf 1912-1960 en daarna vir elke finansiële jaar tot 1970.

Tabel 8 dui aan dat die eenheidskoste, of koste per leerling, vir primêre en gewone sekondêre skole vermeerder het van R15,42 en R25,83, onderskeidelik, in 1912 tot R228,10 en R312,65, onderskeidelik, in 1970. Hierdie gegewens verteenwoordig 'n persentasievermeerdering van 1 379 vir primêre skole teenoor 1 110 vir gewone sekondêre skole. Dit is interessant om daarop te let dat die koste vir hoër landbouskole in 1940 (eenheidskoste R545,76) hoër was as in 1970 (eenheidskoste R470,98). Die eenheidskoste vir spesiale skole het geleidelik gestyg van R195,80 in 1954 tot R438,73 in 1970. (Vgl. Onderwys Bulletin Op. cit. p. 144).

Hoër Handelskole toon 'n styging van R30,80 in 1920 tot R387,74 in 1972.

Volgens tabel 8 was die eenheidskoste van leerlinge aan beroepskole in 1970-1971 R441,35. Hier



moet net op gelet word dat dit Tegniese onderwys insluit waaraan uit die aard van die saak baie meer koste verbonde is as Handelsonderwys en wil dit nie sê dat Handelskole se eenheidskoste gedaal het nie.

2. EENHEIDSKOSTE VAN DIE HOËR HANDELSKOOL,  
KLERKSDORP

(a) Die berekening.

$$\begin{aligned}\text{Eenheidskoste} &= \frac{\text{Totale uitgawes. (Sien Tab. 7).}}{\text{Totale aantal leerlinge. (Sien Tab. 2).}} \\ &= \\ &= \frac{147\,344-78}{380} \\ &= R387,74.\end{aligned}$$

Indien die aantal leerlinge vir verdeling van uitgawes gebruik word, sal alle Handelskole se eenheidskoste dieselfde wees.

(b) Die gebruike van die eenheidskoste.

Die eenheidskoste kan aangewend word om:-

- (i) die koste tussen die verskillende skooltipes te vergelyk; en
- (ii) vas te stel of die koste gestyg of gedaal het in vergelyking met vorige jare.

### 3. OPSOMMING

Nadat die totale koste gedeel is deur die gemiddelde aantal leerlinge word die volgende afleiding gemaak: die eenheidskoste per leerling aan Hoër Handelskole, met spesiale verwysing na Wes-Transvaal (as voorbeeld die Hoër Handelskool, Klerksdorp) is, op grond van die begroting, R387,74.

## SAMEVATTING

Die eenheidskoste is bereken met die Onderwysbegroting vir Transvaal, vir die finansiële jaar wat op 31 Maart 1973 eindig, as basis. (Kapitaleuitgawes uitgesluit).

'n Pro rata-verdeling is gemaak om die uitgawes toe te deel aan Handelskole in Transvaal. 'n Verdere verdeling op die basis van leerlingtalle is gemaak om die koste te bepaal vir die Hoër Handelskool, Klerksdorp.

Die leerlingtal aan die einde van die derde kwartaal 1972 is geneem as 'n gemiddeld.

Die totale koste word gedeel deur die gemiddelde aantal leerlinge en dit het tot gevolg gehad 'n berekende begrote eenheidsyfer van R387,74 vir Handelskole.

Hierdie eenheidsyfer is 'n begote eenheidsyfer en die werklike eenheidskoste kan eers bepaal word nadat die werklike uitgawes bekend is.

'n Aanpassing behoort ook gemaak te word vir rente en delging.

Die eenheidsyfer toon 'n noue korrelasie met die van Beroepskole gedurende 1968-1971. Dit is verder so dat Handelskole een van die goedkoper

beroepskole is ten opsigte van onderwysuitgawes, in vergelyking met byvoorbeeld Tegriese skole.

Die eenheidskoste per leerling aan Hoër Handel-skole, met spesiale verwysing na die in Wes-Transvaal (as voorbeeld die Hoër Handelskool, Klerksdorp), kan dus op grond van die begroting gereken word as R387,74.

## BYLAE

### TABELLE

1. Opsomming van die getal skole en leerlinge van die T.O.D. volgens skooltipe en medium van onderrig vir die 3<sup>e</sup> kwartaal eindigende 22 September 1972.
2. Opsomming van die getal blanke skole, leerlinge volgens skoolraadsgebiede en tipe skool vir die derde kwartaal eindigende 22 September 1972.
3. Aantal leerlinge en onderwysstudente in Transvaal soos op 22 September 1972.
4. Aantal leerlinge aan Beroepskole in Transvaal soos op 22 September 1972.
5. Toedeling met begroting van uitgawes vir die finansiële jaar geëindig 31 Maart 1973 as Basis-Begrotingspos 2.
6. Begrotingspos 3 - Onderwys van blanke kinders.

7. Totale uitgawes vir die berekening van die eenheidskoste van leerlinge aan Hoër Handel-skole.
8. Koste per leerling (eenheidskoste) vir onderwysinrigtings verbonde aan die Transvaalse Onderwysdepartement by tussenpose vanaf 1912-1960 en daarna vir elke finansiële jaar tot 1970.
9. Fisiese voorraadopname by die Handelskool, Klerksdorp. Toerusting vir Liggaamlike Opvoeding.



TABEL 1

OPSOMMING VAN DIE GETAL SKOLE EN LEERLINGE VAN DIE T.O.D. VOLGENS SKOOLTIPE EN MEDIUM

VAN ONDERRIG VIR DIE 3e KWARTAAL EINDIGENDE 22-9-1972

| Besonderhede van skole           |        |       | Getal leerlinge     |        |         |
|----------------------------------|--------|-------|---------------------|--------|---------|
| TIPE                             | Medium | Getal | Medium van onderrig |        | Totaal  |
|                                  |        |       | Afrikaans           | Engels |         |
| Sekondêre Skole                  | A      | 75    | 64 854              | -      | 64 854  |
|                                  | E      | 52    | -                   | 40 246 | 40 246  |
|                                  | a      | 26    | 16 336              | -      | 16 336  |
|                                  | a/e    | 13    | 7 935               | 976    | 8 911   |
|                                  | Totaal | 166   | 89 125              | 41 222 | 130 347 |
| Hoër Landbouskole (Sekondêr)     | A      | 1     | 332                 | -      | 332     |
|                                  | E      | 1     | -                   | 407    | 407     |
|                                  | a      | 4     | 1 692               | -      | 1 692   |
|                                  | a/e    | 2     | 791                 | 18     | 809     |
|                                  | Totaal | 8     | 2 815               | 425    | 3 240   |
| Hoër Kuns, Ballet en Musiekskole | a/e    | 2     | 177                 | 257    | 434     |
|                                  | Totaal | 2     | 177                 | 257    | 434     |
|                                  |        |       |                     |        |         |
| Hoër Handelskole (Sekondêr)      | A      | 1     | 205                 | -      | 205     |
|                                  | a      | 1     | 136                 | -      | 136     |
|                                  | a/e    | 17    | 3 594               | 1 622  | 5 216   |
|                                  | Totaal | 19    | 3 935               | 1 622  | 5 557   |
| Hoër Tegniiese Skole (Sekondêr)  | A      | -     | -                   | -      | -       |
|                                  | a      | 3     | 1 759               | -      | 1 759   |
|                                  | a/e    | 13    | 6 494               | 1 547  | 8 041   |
|                                  | Totaal | 16    | 8 253               | 1 547  | 9 800   |

TABEL 1 (Vervolg)

OPSOMMING VAN DIE GETAL SKOLE EN LEERLINGE VAN DIE T.O.D. VOLGENS SKOOLTIPE EN MEDIUM

VAN ONDERRIG VIR DIE 3e KWARTAAL EINDIGENDE 22-9-1972

| Besonderhede van skole                                           |        |       | Getal leerlinge     |        |        |
|------------------------------------------------------------------|--------|-------|---------------------|--------|--------|
| TIPE                                                             | Medium | Getal | Medium van onderrig |        | Totaal |
|                                                                  |        |       | Afrikaans           | Engels |        |
| Hoër Handels- en Tegnieke Skole (Handel)<br>(Sekondêr) (Tegnies) |        |       | 461                 | 177    | 638    |
|                                                                  | a/e    | 4     | 1 538               | 581    | 2 119  |
|                                                                  | Totaal | 4     | 1 999               | 758    | 2 757  |
| Hoër Huishoudskole (Sekondêr)                                    | A      | -     | -                   | -      | -      |
|                                                                  | a      | 1     | 196                 | -      | 196    |
|                                                                  | a/e    | 1     | 171                 | 13     | 184    |
|                                                                  | Totaal | 2     | 367                 | 13     | 380    |
| Klas II-Skole (Sekondêre afdeling)<br>(Primêre afdeling)         |        |       | 76                  | 31     | 107    |
|                                                                  | a/e    | 1     | 178                 | 48     | 226    |
|                                                                  | Totaal | 1     | 254                 | 79     | 333    |
| Hospitaalskole (Sekondêre afdeling)<br>(Primêre afdeling)        |        |       | 18                  | 6      | 24     |
|                                                                  | a/e    | 2     | 79                  | 44     | 123    |
|                                                                  | Totaal | 2     | 97                  | 50     | 147    |
| Loopspruitskool (Sekondêre afdeling)<br>(Primêre afdeling)       |        |       | 139                 | 31     | 170    |
|                                                                  | a/e    | 1     | 55                  | 10     | 65     |
|                                                                  | Totaal | 1     | 194                 | 41     | 235    |



TABEL 1 (Vervolg)

## OPSOMMING VAN DIE GETAL SKOLE EN LEERLINGE VAN DIE T.O.D. VOLGENS SKOOLTIPE EN MEDIUM

VAN ONDERRIG VIR DIE 3<sup>e</sup> KWARTAAL EINDIGENDE 22-9-1972

| Besonderhede van skole                          |        |       | Getal leerlinge     |        |         |
|-------------------------------------------------|--------|-------|---------------------|--------|---------|
| TIPE                                            | Medium | Getal | Medium van onderrig |        | Totaal  |
|                                                 |        |       | Afrikaans           | Engels |         |
| Spesiale skole vir verstandsafwykendes (Primêr) | A      | 3     | 932                 | 21     | 953     |
|                                                 | a/e    | 17    | 5 133               | 1 330  | 6 463   |
|                                                 | Totaal | 20    | 6 065               | 1 351  | 7 416   |
| Laerskole (Primêr)                              | A      | 227   | 124 879             | 3      | 124 882 |
|                                                 | E      | 144   | -                   | 79 291 | 79 291  |
|                                                 | a      | 193   | 33 232              | -      | 33 232  |
|                                                 | a/e    | 95    | 27 542              | 5 224  | 32 766  |
|                                                 | Totaal | 659   | 185 653             | 84 518 | 270 171 |
| Totaal : Skole met slegs Sekondêre afdelings    | A      | 77    | 65 391              | -      | 65 391  |
|                                                 | E      | 53    | -                   | 40 653 | 40 653  |
|                                                 | a      | 35    | 20 119              | -      | 20 119  |
|                                                 | a/e    | 52    | 21 161              | 5 191  | 26 352  |
|                                                 | Totaal | 217   | 106 671             | 45 844 | 152 515 |
| Totaal : Skole met slegs Primêre afdelings      | A      | 230   | 125 811             | 24     | 125 835 |
|                                                 | E      | 144   | -                   | 79 291 | 79 291  |
|                                                 | a      | 193   | 33 232              | -      | 33 232  |
|                                                 | a/e    | 112   | 32 675              | 6 554  | 39 229  |
|                                                 | Totaal | 679   | 191 718             | 85 869 | 277 587 |

TABEL 1 (Vervolg)

OPSOMMING VAN DIE GETAL SKOLE EN LEERLINGE VAN DIE T.O.D. VOLGENS SKOOLTIPE EN MEDIUM

VAN ONDERRIG VIR DIE 3e KWARTAAL EINDIGENDE 22-9-1972

| Besonderhede van skole                              |        |       | Getal leerlinge     |           |            |
|-----------------------------------------------------|--------|-------|---------------------|-----------|------------|
| TIPE                                                | Medium | Getal | Medium van onderrig |           | Totaal     |
|                                                     |        |       | Afrikaans           | Engels    |            |
| Totaal : Gekombineerde Skole (Sekondêr)<br>(Primêr) | a/e    | 4     | 233<br>312          | 68<br>102 | 301<br>414 |
|                                                     | Totaal | 4     | 545                 | 170       | 715        |
|                                                     |        |       |                     |           |            |
| GROOTTOTAAL                                         | A      | 307   | 191 202             | 24        | 191 226    |
|                                                     | E      | 197   | -                   | 119 944   | 119 944    |
|                                                     | a      | 228   | 53 351              | -         | 53 351     |
|                                                     | a/e    | 168   | 54 381              | 11 915    | 66 296     |
|                                                     | Totaal | 900   | 298 934             | 131 883   | 430 817    |

(Transvaalse Onderwysdepartement (Statistieke))



TABEL 2

OPSOMMING VAN DIE GETAL BLANKE SKOLE, LEERLINGE VOLGENS SKOOLRAADSGBIEDE EN TIPE SKOOL VIR DIE DERDE KWARTAAL EINDIGENDE 22 SEPTEMBER 1972

| Skole             |                 |                    |                                  |             |               |                |                |         | Leerlinge       |                    |                                  |             |               |                |                |         |
|-------------------|-----------------|--------------------|----------------------------------|-------------|---------------|----------------|----------------|---------|-----------------|--------------------|----------------------------------|-------------|---------------|----------------|----------------|---------|
| Skoolraadsgebied  | Sekondêre Skole | Hoër Landbou skole | Hoër Kuns Ballet en Musiek Skole | Beroepskole | Klas II Skole | Spesiale skole | Priemêre Skole | Toetaal | Sekondêre Skole | Hoër Landbou Skole | Hoër Kuns Ballet en Musiek Skole | Beroepskole | Klas II skole | Spesiale Skole | Priemêre Skole | Toetaal |
| Ermelo .....      | 3               | 1                  | -                                | 1           | -             | -              | 14             | 19      | 2070            | 332                | -                                | 166         | -             | -              | 4016           | 658     |
| Heidelberg .....  | 4               | -                  | -                                | -           | -             | -              | 16             | 20      | 2707            | -                  | -                                | -           | -             | -              | 4845           | 755     |
| Klerksdorp .....  | 5               | -                  | -                                | 1           | -             | 1              | 21             | 28      | 4341            | -                  | -                                | 380         | -             | 439            | 9063           | 1422    |
| Lichtenburg ..... | 2               | 1                  | -                                | -           | -             | -              | 19             | 22      | 1330            | 515                | -                                | -           | -             | -              | 3303           | 514     |
| Lydenburg .....   | 4               | -                  | -                                | -           | -             | 1              | 14             | 19      | 1861            | -                  | -                                | -           | -             | 250            | 2935           | 504     |
| Marico .....      | 2               | -                  | -                                | -           | 1             | -              | 11             | 14      | 1026            | -                  | -                                | -           | 333           | -              | 1392           | 275     |
| Middelburg .....  | 6               | -                  | -                                | 2           | -             | -              | 28             | 36      | 4174            | -                  | -                                | 1250        | -             | -              | 9774           | 1519    |
| Nelspruit .....   | 4               | -                  | -                                | -           | -             | -              | 16             | 20      | 2696            | -                  | -                                | -           | -             | -              | 4875           | 757     |
| Pietersburg ..... | 7               | 2                  | -                                | 3           | -             | -              | 32             | 44      | 5020            | 802                | -                                | 1186        | -             | -              | 10281          | 1728    |
| Potchefstroom ... | 8               | -                  | -                                | 4           | -             | 3              | 22             | 37      | 5459            | -                  | -                                | 1378        | -             | 964            | 9560           | 1736    |
| Pretoria-Distrik  | 2               | 1                  | -                                | 1           | -             | -              | 29             | 33      | 2324            | 228                | -                                | 184         | -             | -              | 6719           | 945     |
| Pretoria-Stad ... | 23              | -                  | 1                                | 4           | -             | 4              | 67             | 99      | 21531           | -                  | 179                              | 2792        | -             | 1241           | 39435          | 6517    |
| Rustenburg .....  | 4               | -                  | -                                | 2           | -             | 1              | 27             | 34      | 2977            | -                  | -                                | 898         | -             | 357            | 6266           | 1049    |
| Standerton .....  | 4               | 1                  | -                                | -           | -             | 1              | 22             | 28      | 2736            | 395                | -                                | -           | -             | 332            | 5217           | 868     |
| Vereeniging ..... | 8               | -                  | -                                | 3           | -             | 2              | 31             | 44      | 7353            | -                  | -                                | 1774        | -             | 921            | 16873          | 2692    |
| Waterberg .....   | 4               | 1                  | -                                | -           | -             | 1              | 31             | 37      | 2188            | 407                | -                                | -           | -             | 283            | 4657           | 753     |
| Witw-Oos .....    | 25              | -                  | -                                | 9           | -             | 3              | 80             | 117     | 20402           | -                  | -                                | 3670        | -             | 1277           | 48271          | 7362    |
| Witw-Sentraal ... | 29              | -                  | 1                                | 5           | -             | 3              | 84             | 122     | 20927           | -                  | 255                              | 1838        | -             | 580            | 38894          | 6249    |
| Witw-Suid .....   | 7               | -                  | -                                | 1           | -             | 1              | 30             | 39      | 6854            | -                  | -                                | 619         | -             | 400            | 16488          | 2436    |
| Witw-Wes .....    | 11              | 1                  | -                                | 4           | -             | 2              | 50             | 68      | 10299           | 561                | -                                | 1797        | -             | 754            | 24447          | 3785    |
| Wolmaransstad ... | 4               | -                  | -                                | 1           | -             | -              | 15             | 20      | 2072            | -                  | -                                | 562         | -             | -              | 2860           | 549     |
| TOTAAL            | 166             | 8                  | 2                                | 41          | 1             | 23             | 659            | 900     | 130347          | 3240               | 434                              | 18494       | 333           | 7798           | 270171         | 43081   |

(TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT (STATISTIEKE))

TABEL 3

AANTAL LEERLINGE EN STUDENTE IN TRANSVAAL SOOS

OP 22 SEPTEMBER 1972

| BESONDERHEDE                                   | GETAL   |
|------------------------------------------------|---------|
| Totale Aantal Leerlinge                        | 430 817 |
| Totale Aantal Studente<br>aan Onderwyskolleges | 7 320   |
| Totaal .....                                   | 438 137 |

(Eie ontleding)



TABEL 4

AANTAL LEERLINGE AAN BEROEPSKOLE IN TRANSVAAL SOOS

OP 22 SEPTEMBER 1972

| SKOOL                            | AANTAL |
|----------------------------------|--------|
| Hoër Kuns, Ballet en Musiekskole | 434    |
| Hoër Handelskole (Sekondêr)      | 5 557  |
| Hoër Tegniiese Skole (Sekondêr)  | 9 800  |
| Hoër Handels- en Tegniiese Skole | 2 757  |
| Hoër Huishoudskole (Sekondêr)    | 380    |
| Totaal .....                     | 18 928 |

(Eie ontleding)

TABEL 5

## TOEDELING MET BEGROTING VAN UITGAWES VIR DIE FINANSIËLE JAAR GEËINDIG 31 MAART 1973

AS BASIS - BEGROTINGSPOS 2

|                                     | Kolom 1              | Kolom 2               | Kolom 3                              |
|-------------------------------------|----------------------|-----------------------|--------------------------------------|
| Item                                | Begrotings-<br>pos 2 | Hoër Handel-<br>skole | Handelskool<br>Klerksdorp<br>6,838 % |
| I. <u>Lopende uitgawes</u>          |                      |                       |                                      |
| Onderwysadministrasie               | 2 378 900            |                       |                                      |
| A. <u>Salarisse, lone en toelae</u> | 2 298 800            |                       |                                      |
| Hoofkantoor                         | 1 639 100            | (a) 20 784            | 1 421,21                             |
| Skoolraadsdiens                     | 659 100              | (a) 8 365             | 571,99                               |
| <u>Ander toelae en algemeen-</u>    | 80 100               |                       |                                      |
| Ekstra besoldiging                  | 25 100               | (a) 318               | 21,74                                |
| Gratifikasie                        | 25 000               | (a) 317               | 21,68                                |

TABEL 5 (Vervolg)

|                                                         |         |     |     |       |
|---------------------------------------------------------|---------|-----|-----|-------|
| Skoonmaaktoelaes                                        | 30 000  | (a) | 380 | 25,98 |
| B. <u>Verblyf- en vervoerkoste</u>                      | 113 200 |     |     |       |
| 1. Administrasie -                                      |         |     |     |       |
| (a) Verblyfkoste                                        | 7 000   | (a) | 89  | 6,08  |
| (b) Vervoerkoste                                        | 5 000   | (a) | 63  | 4,31  |
| (c) Aankoop van Provinsiale voertuie                    | 6 500   | (a) | 82  | 5,61  |
| (d) Onderhoud van Provinsiale voertuie                  | 7 500   | (a) | 95  | 6,50  |
| (e) Toelaes vir gebruik van gesubsidieerde motorvervoer | 13 000  | (a) | 165 | 11,28 |
| 2. <u>Skoolrade</u> -                                   |         |     |     |       |
| (a) Verblyfkoste                                        | 31 500  | (b) | 406 | 27,76 |

TABEL 5 (Vervolg)

|                                                                                                                                                                                                  |           |     |     |       |
|--------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|-----------|-----|-----|-------|
| (b) Vervoerkoste                                                                                                                                                                                 | 11 000    | (b) | 142 | 9,71  |
| (c) Aankoop van Provinsiale voertuie                                                                                                                                                             | 17 000    | (b) | 219 | 14,98 |
| (d) Onderhoud van Provinsiale voertuie                                                                                                                                                           | 14 700    | (b) | 190 | 12,99 |
| C. <u>Pos- Telegraaf- en Telefoondienste-</u>                                                                                                                                                    | 32 500    |     |     |       |
| 1. Telegramme                                                                                                                                                                                    | 2 100     | (a) | 27  | 1,85  |
